

Namibië

GROOT ROOFVOËLS

Identifikasie · Bewaringstatus · Toekomstige Oorlewing




Namibië, geseënd met 'n ryk natuurlike skoonheid en tuiste vir 'n unieke verskeidenheid flora and fauna, loop die risiko om sommige van sy mees manjifieke diere te verloor – ons groot roofvoëls, meer spesifiek dié wat aas vir kos. Aasvoëls en arende word ernstig bedreig, maar daar is vele maniere waarop hulle ondersteun kan word. Hierdie boekie sal u help om 16 aasvoël- en arendspesies wat in Namibië aangetref word te identifiseer en verskaf inligting aangaande hulle rol in die natuur.

Samewerking is die sleutel tot die toekomstige oorlewing van groot roofvoëls. Hierdie boekie wil graag:

- *hulp aanbied aan mense wat probleme ondervind om groot roofvoëls te identifiseer en om hulle rol en waarde in die natuur te waardeer,*
- *hulp en ondersteuning vra vir roofvoëls op plase.*

Ons dank die borge van hierdie publikasie:

 Sida Swedish International Development Agency (Sida)



Namibia Nature Foundation (NNF)




Namibia Animal Rehabilitation, Research and Education Centre (NARREC)

Inhoud

Leer u roofvoëls ken	1
Aantekeninge oor arende en aasvoëls	2
Feitelêer: Groot roofvoëls van Namibië	3
Die rol en waarde van roofvoëls op plase	4
Voëlbesigtiging en toerisme	5
Toekomstige oorlewing van groot roofvoëls	5
Die bedreigings vir roofvoëlbevolkings	6
Die dodelike gifsiklus	7
Watter roofdier is verantwoordelik vir kleinveeverliese?	8
Baie van die roofvoëlspesies aas vir kos	9
Praktiese wenke om roofvoëls te ondersteun	9
Rehabilitasie van roofvoëls	10
Monitering, beringing en tel van voëls vir wetenskaplike navorsing	11
Begin 'n "aasvoëlrestaurant"	12
Sleutelwoorde wat bewaringstatus beskryf	13
Beskrywing van 16 groot Namibiese roofvoëlspesies	14-21

Leer u roofvoëls ken




Aangesien roofvoëls hoofsaaklik in vlug gesien word, sal dit identifikasie makliker maak as die ondervlerkpatroon in drie dele verdeel word. Let op die primêre vere, die sekondêre vere en die dekvere onder die vlerk. Kyk na die vorm en lengte van die stert en na die stertpatroon.

Aangesien roofvoëls vleisvreters is en aan die bopunt van die voedselketting staan, dui hulle teenwoordigheid op 'n gesonde omgewing. Hulle het krom snawels, kragtige bene en kloue, groot oë vergeleke met die grootte van hulle koppe, uitsonderlike sig en fantastiese vlugvermoëns. Hulle wissel van klein 60-gram valkies en uile tot groot arende en aasvoëls van tot 11 kilogram.



Alle roofvoëls het krom snawels

Daar kom wêreldwyd 292 roofvoëlspesies voor wat daglewend is en 162 uilspesies wat naglewend is. Van die spesies wat bedags aktief is, kom 110 in Afrika voor waarvan 59 in Namibië is. Van die uilspesies wat snags aktief is kom 45 in Afrika voor, waarvan 12 in Namibië is. Elke spesie vervul 'n spesifieke rol in die natuur.




Kleurpatrone van Roofarende

Let daarop dat die veerbedekkings van volwasse roofvoëls verskil van dié van jong voëls en dat bruinarende individuele kleurpatrone het wat wissel van lig tot donker.


Aantekeninge oor arende

Ten spyte daarvan dat arende baie min natuurlike vyande het, bly die bevolkingsgetalle van arende oor die algemeen laag. Arende se reproduksiesiklus is stadig en die mortaliteit onder jong voëls baie hoog, met ongeveer 70% wat vrek voordat broeiouderdom bereik word. Omdat arende aan die bopunt van die voedselketting is, is hulle aangepas om klein- tot mediumgrootte prooi te vang en dood te maak. Sommige spesies is opportunistiese vreters wat groot hoeveelhede peste soos termiete, springkane, rooibekvinke en knaagdiere vreet, terwyl baie ook op karkasse aas.




Die kloue van 'n arend word gebruik om prooi te vang

Daar kom 29 arendspesies in Afrika en sy naburige eilande voor, waarvan slegs 17 in suidelike Afrika voorkom. Arende kan in "werklike arende" en "arende met kaal bene" verdeel word. Werklike arende het vere wat tot by die kloue strek. Van die 17 spesies in Afrika word 8 in Namibië aangetref. Arende met kaal bene sluit slangarende, die Visarend en die Berghaan in.



Aantekeninge oor aasvoëls

Aasvoëls is aasvreters wat hulle kos vanuit die lug opspoor. Hulle het uitstekende sig en kan 'n karkas van duisende meters raaksien. Hulle kopvelle is gewoonlik kaal en sommige spesies het kaal nekke. In vlug is die lang nekke teruggetrek maar die opmerklieke klein koppe help om hulle van arende te onderskei. Hulle het lang, breë vlerke met lang primêre "veervingers" en hulle massiewe vlerkspan stel hulle in staat om vir ure aaneen rond te sweef. Hulle kragtige, sterk snawels met gekromde punte word ingespan om vleis en vel te skeur. Aasvoëlkloue is nie aangepas om dood te maak nie en die kort, kaal bene met kort kloue en lang tone word gebruik om kos vas te druk. Van die




22 spesies wat wêreldwyd voorkom, word 11 in Afrika aangetref, waarvan 9 in suidelike Afrika en slegs 7 in Namibië voorkom. Bewaringspogings is noodsaaklik vir die oorlewing van al 9 Afrika-spesies.




Die klou van 'n aasvoël is nie geskik om dood te maak nie

Feitelêer: Groot roofvoëls van Namibië

- Migrerende roofvoëls in Namibië vreet bykans 100 000 kilogram termiete per jaar.
- 'n Witkruisarendpaar eet tot 350 klipdassies per jaar wat gelykstaande is aan weiveld vir 22 skape.
- Slangarende vreet giftige slange soos kobras en mambas.
- Slegs 30% van jong arende bereik volwassenheid.
- Wyfie-arende is gemiddeld 4% tot 10% groter as hulle manlike eweknieë!
- Arende en aasvoëls is eers broeigereed tussen 4 en 7 jaar.
- Arende en aasvoëls broei gewoonlik in pare en verdedig die gebied rondom die nes. Hulle soek ook kos buite hierdie broeigebied.
- Sommige arendspesies openbaar die "Kain en Abel-gedrag" waar die eersgebore kuiken die tweede kuiken domineer en uithonger.
- ⚠ In 1996 het 'n enkele boer 10% van die Namib-Naukluft Park se Swartaasvoëlbevolking met een vergiftigde karkas uitgewis.
- ⚠ Gif wat in Namibië vir probleemdierebeheer gebruik word, het 6 Kransaasvoëlbroeikolonies, bestaande uit duisende voëls, tot geen broeikolonies verminder.



'n Klipdassie
Foto: D. Heinrich



'n Jong slangarend, vasgevang en gebyt deur die slang wat hy gevang het
Foto: L. Komen



Swartaasvoëls vergif op 'n plaas

Foto: L. Komen

Die rol en waarde van roofvoëls op plase

Groot roofvoëls is simbolies van krag, moed en vryheid.

- ✓ Arende beheer die bevolkingsgetalle van klein soogdiere. Baie arendspesies jag dassies, hase en knaagdiere wat met kleinvee vir weiveld kompeteer.
- ✓ Arende vreet spesies soos muishonde en waaiertertmeerkatte, waarvan die getalle in 'n gebied dramaties toeneem in die afwesigheid van arende.
- ✓ Arende vreet ook soogdierroofdiere soos jakkalse en rooikatte.
- ✓ Baie aasvretende arende vreet groot hoeveelhede termiete.
- ✓ 'n Aantal arendspesies, nie net slangarende nie, maak jag op giftige slange en ander reptiele.
- ✓ Aasvoëls en sommige arendspesies dra by tot higiene op die plaas deurdat hulle die uitbreek van siektes soos miltsiekte of lamsiekte verminder deur dooie diere te vreet en op nageboorte te aas.
- ✓ Arende en aasvoëls beheer roof-en aasdiergetalle deur vir dieselfde voedselbron te kompeteer.
- ✓ Aasvretende roofvoëls, in besonder aasvoëls, maak die boer bewus van dooie diere in die veld.
- ✓ Aangesien aasvreters karkasse so gou verslind, beheer aasvoëls brommerinfestasië op verrotte karkasse.



Aasvoëls gebruik dieselfde voedselbron as rooijakkalse

Foto: D. Heinrich

Voëlbesigtiging en toerisme




Voëlbesigtiging is wêreldwyd een van die vinnigste groeiende toeriste-aktiwiteite. 'n Gesonde omgewing onderhou altyd 'n bevolking groot roofvoëls. Die aanwesigheid van arende en aasvoëls voorsien 'n bykomende besienswaardigheid vir besoekers, gewoonlik op dié tyd van die dag wanneer soogdiere minder aktief en sigbaar is. Voëls steur hulle nie aan plaasgrense nie. Al word gif slegs een keer onverantwoordelik in 'n gebied gebruik, kan dit arend- en aasvoëlgetalle aansienlik verminder en dus ook die toerismepotensiaal van ander plase skaad.

Voëlbesigtiging; 'n toenemende toeriste-aktiwiteit
Foto: L. Komen

Toekomstige oorlewing van groot roofvoëls

Groot roofvoëls het enorme gebiede wat hulle fynkam vir kos, maar Namibië se nasionale parke beslaan te min gebiede om 'n gesonde bevolking te onderhou. Die toekomstige oorlewing van groot roofvoëls berus op plaasbestuurtegniek wat die voëls beskerm wanneer hulle voedingsgebiede na plase uitbrei.

Aasvretende roofvoëls is die mees ernstig bedreigde voëlspesies. Die hoofbedreiging word aangedui as onoordeelkundige en onverantwoordelike gebruik van gif vir die beheer van soogdierroofdiere. Voëls steur hulle nie aan plaasgrense nie. Al word gif slegs een keer onverantwoordelik in 'n gebied gebruik, kan dit arend- en aasvoëlgetalle aansienlik verminder en dus ook die toerismepotensiaal van 'n groot gebied benadeel.



Slegs een keer se onverantwoordelike gebruik van gif kan 'n spesie in 'n bepaalde gebied heeltmaal uitwis.

Namibië se nasionale parke beslaan 15% van die land se oppervlakte
Kaart: H. Kolberg

Die bedreigings vir roofvoëlbevolkings

- ▲ Onverantwoordelike gebruik van gif en misbruik van ander landbouchemikalieë.
- ▲ Verlies aan habitat deur die uitbreiding van woestyngebiede, ontbossing en bosindringing.
- ▲ Besoedeling van vleie en waterbronne.
- ▲ Versteuring van neste.
- ▲ Direkte uitwissing deur te skiet en slagysters te stel.
- ▲ Versuiping in reservoirs.
- ▲ Botsings en elektriese skokke teen kragdrade.



Daar is oplossings vir baie van die bedreigings, soos byvoorbeeld:

- As slagysters vir soogdiere gestel word, kan dit gedoen word waar roofvoëls dit nie kan sien nie.
- Moenie gif gebruik nie, maar as dit wel gebruik word, moet dit 'n enkele dosis lokaas wees en moet dit so gestel word dat slegs een individuele dier geteiken word.
- Neste moet nie versteur word nie, veral nie in arende en aasvoëls se broeiseisoene nie.
- Vlieëniërs van klein vliegtuie en helikopters kan nesplekke vermy deur nie te laag oor riviere of te naby oor kranse te vlieg nie, veral gedurende die broeiseisoene van arende en aasvoëls.
- Indien gerapporteer word dat 'n kragdraad botsings of elektriese skokke veroorsaak, kan drade met veiligheidstoestelle beveilig word.
- Water-reservoirs kan toegerus word met 'n drywende boomstomp, 'n plank of 'n leer. Die reservoirs kan ook heeltemal bedek word om versuipings en verdamping te verhoed.



'n Bedekte reservoir (links) en 'n reservoir toegerus met 'n boomstomp (regs)
Fotos: D. Heinrich

Die dodelike gifsiklus

Alle voëls is uiters sensitief vir gifstowwe en plaagdoders. Die afname van roofvoëlgetalle in Namibië word direk verbind met die gebruik van gif om soogdiere te beheer. Die onverantwoordelike gebruik van gifstowwe word slegs aan 'n klein getal mense toegeskryf, maar hulle bedreig die toekoms van Namibië se groot aasvretende roofvoëls. 'n Enkele onverantwoordelike gebruik van gif kan van 100 tot 300 nie-teiken individue doodmaak.

Oopveldboerdery, gifgebruik en roofdiere


Aangesien oopveldboerdery algemeen in Namibië voorkom, kan onverantwoordelike gifgebruik die voorkoms van roofdier-kleinveekonflikte eerder versterk as verminder. Indien die giflokase die voëls of soogdiere van 'n spesifieke spesie in 'n bepaalde territoriale gebied doodmaak, is die veld oop vir ander rondtrekkende individue van daardie spesie wat sy eie gebied wil afbaken. Hierdie rondtrekkende individue wat 'n gebied wil beset, is dikwels jonk, onervare en opportunisties.

Suksesvolle plaasbestuur word nie gemeet aan die hoeveelheid roofdiere wat gedood word nie, maar aan die afname in roofdier-kleinveekonflikte.

Selfs klein hoeveelhede gif maak dood

Dodelike dosisse gif word oor die algemeen in mikro- of milligramme gemeet. Dit is onwettig en skadelik vir die omgewing om karkasse met enige soort gif te "strooi" om roofdiere dood te maak. Gifstrooiing van karkasse maak dikwels nie teikendiere dood nie en die plaasomgewing lei dan skade.

Dit is onwettig en gevaarlik vir mense en die omgewing, om enige landbouchemikalieë te gebruik vir enigiets anders as waarvoor dit geregistreer is. Volg die landbouproduk aanwysings noukeurig om die gevaar vir mense, diere en die omgewing te verminder.



Lees altyd die etiket op chemikalie-produkte

Watter roofdier is verantwoordelik vir kleinveeverliese?

Om 'n kleinvee-roofdier te identifiseer is nie altyd maklik nie, aangesien die roofdier wat geteiken word nie 'n spesie is nie, maar 'n enkele individu binne die spesie. Om die redes vir roof op te spoor, sluit sekere faktore in soos die seisoen, die gesondheid van die kleinvee, die ekologiese kondisie van die veld, die kleinvee-bestuurstegnieke en wat elders in die gebied aan die gang is.

Kennis van roofdiere en hulle gedrag is die beste verdedigingsmeganisme.

Meeste roofdierspesies se volwasse diere het eksklusiewe loopgebiede, maar daar is dikwels ander alleenlopende diere wat in die omgewing rondloop op die uitkyk vir 'n gebied om in te beweeg. Elke roofdierspesie het sy eie manier waarop hy prooi doodmaak. Die roofdier of aasvreter wat gesien word terwyl hy aan die karkas vreet is dikwels nie die dier wat die kleinvee doodgemaak het nie. Om geïntereeserd te bly en kennis in te win met betrekking tot roofdiere, hulle bewegings, gedrag en hulle doodmaak en vreetmetodes, is die beste verweer teen potensiële veeverliese.

Roofdierbeheer is tydrawend en benodig beide kennis en bekwaamheid. Indien die beheer 'n roofdier doodmaak wat nie veeverliese veroorsaak nie, word die gebied oopgestel vir nuwe, "onbekende" individue wat aanleiding kan gee tot 'n hele reeks nuwe probleme.

Sorgvuldige nagaan van dooie lammers en bokke sal wenke aan die boer gee.

- ☉ **Let op kneusmerke deur die vel van die karkas te stroop:** Min of geen kneusings dui daarop dat die dier reeds gevrek het of naby daaraan was voordat die roofdier opgedaag het.
- ☉ **Let op die hoewe:** Onverweerde hoefmembrane is 'n aanduiding dat die dier te swak was om op te staan en te loop of doodgebore was.
- ☉ **Gaan die longe na:** 'n Donker rooierige kleur dui aan dat die dier nie asemgehaal het nie, d.w.s doodgebore was.
- ☉ **Kyk na die ingewande:** As daar geen melkwrongel in die pens is nie, het die dier nie gedrink nie.
- ☉ **Let op die hart en niere:** Wit vet rondom hierdie organe dui op 'n gesonde dier.

Baie van die groot roofvoëlspesies aas vir kos

Moenie sommer u eie gevolgtrekkings maak wanneer u 'n groot roofvoël naby 'n dooie dier gewaar nie. 'n Groot roofvoël wat aan dooie kleinvee vreet is nie noodwendig die een wat die dier doodgemaak het nie. 'n Arend wat naby 'n ooie sit wat besig is om te lam, beteken nie dat die arend wag om die lam te vang en te vreet nie. Arende sit gewoonlik en wag om die nageboorte te vreet. Roof is gewoonlik nie die hoofrede vir vrektes onder jong kleinvee nie. Swak moedersinstink, veldagteruitgang, droogte, siektes en onvoldoende kleinvee-bestuurstegnieke word telkens uitgewys as die hoofredes vir die verlies van kleinvee. Kleinvee wat deur 'n arend doodgemaak is, sal 4 tot 8 kloumerke wat gebloeit het, op die agterkant van die kop en die nek hê.



Arendspesies wat vir kos aas kan maklik doodgaan van sekondêre vergiftiging Foto: D. Heinrich

Praktiese wenke om roofvoëls te ondersteun

Die volgende gebruike kan roofvoëls direk help en boonop beheer uitoefen op insek-, knaagdier- en klein soogdiergetalle:


- ☞ Los dooie diere in die veld vir aasvretende voëls.
- ☞ Plaas 'n boomstomp of drywende plank in water-reservoirs of bedek die reservoir, om die risiko vir versuiping te verminder.
- ☞ Moet nooit 'n karkas met gifstowwe of enige soort landbouchemikalieë as lokaas gebruik nie.
- ☞ Moet nooit 'n dier wat onder verdowing gevrek het, of wat deur middel van 'n inspuiting van kant gemaak is, of 'n dooie dier wat onlangs met 'n organofosfaat-dipstof behandel is in die veld laat nie – dit is dodelik vir roofvoëls.
- ☞ Moenie slagysters vir soogdiere stel waar voëls dit kan sien nie.
- ☞ Moet nooit wilde voëls wat in lokvalle verstrik geraak het, beseer nie.
- ☞ Wees versigtig met dipstowwe wat in diptrôe agterbly.
- ☞ Rapporteer enige roofvoëlprobleme in u omgewing aan die regte organisasie (sien kontak persone op die agterkant van hierdie boekie).
- ☞ Rapporteer enige siek, beseerde of elektriesgekokte voëls, asook dié wat wees gelaat is.
- ☞ Vind uit waar die nesplekke is en moenie steur nie.

Rehabilitasie van roofvoëls

Beseerde roofvoëls of dié wat wees gelaat is, benodig professionele sorg sodat gesonde individue weer in hulle natuurlike habitat losgelaat kan word. Elke jaar word 'n aantal roofvoëls beseer of wees gelaat as gevolg van ongelukke met motorvoertuie, botsings teen kragrade, vestrikking in slagysters en inloopvanghokke wat vir soogdier-roofdiere gestel word, die vreet van giflokase en ander oorsake. Soos met enige ander dier, het 'n beseerde of vergiftigde voël professionele sorg nodig om ten volle te kan herstel. **Rapporteer ASSEBLIEF enige siek of beseerde voëls aan NARREC** (sien kontak persoon op die agterkant van hierdie boekie).

Hoe gouer 'n beseerde, wees gelate of vergiftigde roofvoël behandel word, hoe beter sy kanse om ten volle te herstel. Gebruik 'n handdoek of 'n lap om die voël te vang. Maak die voël se kop met die handdoek toe en hou beide bene en nek vas. Probeer verhoed dat die voël sy vlerke klap, deur hom toe te draai in die handdoek. Plaas die voël in 'n kartondoos en verwyder die handdoek. Daar moet luggate in die kartondoos wees en dit kan met koerantpapier uitgevoer word. Die doos moet groot genoeg wees sodat die voël kan staan en lê sonder om die stertvere te beskadig. Plaas die doos in 'n stil vertrek wat nie te koud of te warm is nie.

Rehabilitasie van wilde diere is om vir dié diere te sorg wat sterk genoeg is om in 'n wêreld van mensgemaakte strukture en ontwikkelings te oorleef.



'n Verdoofde jong Kransaasvoël se vlerk word verbind
Foto: NARREC

Skakel 'n veearts of NARREC om te help met:

- ~ identifikasie van die voël
- ~ rehidrasie van die voël
- ~ vervoer van die voël na professionele hulp.



'n Gerehabiliteerde Witkruisarend word vrygelaat op die plaas waar dit gevind, gevang en beseer was
Foto: NARREC

Monitering, beringing en tel van voëls vir wetenskaplike navorsing

Veranderinge in die grootte van roofvoëlbevolkings gee vroegtydig aan ons waarskuwings oor die gesondheid van 'n omgewing. Internasionale voëlringprojekte help wetenskaplikes om sleutelaspekte van voëllewe te ondersoek. Slegs opgeleide persone in besit van perмите, uitgereik deur die Ministerie van Omgewing en Toerisme, mag voëls vang en bering. In suidelike Afrika word die voëlringprojek deur SAFRING, wat by die Universiteit van Kaapstad is, gekoördineer. Elke metaalring het 'n unieke nommer. Gekleurde plastiekringe word soms aan individuele voëls gesit om identifikasie makliker te maak.




'n Swartaasvoël met kleurring vir die identifikasie van die individuele voël

Foto: D. Heinrich

'n Vlekvrye staalring met 'n unieke nommer wat aan die been van 'n valk aangebring is

Foto: D. Heinrich



Indien 'n geringde voël lewend of dood gevind word, let op die nommer en rapporteer dit ASSEBLIEF, (sien die kontak organisasies op die agterkant van hierdie boekie).

Dooie voëls kan gevries word en aan NARREC gestuur word vir analiese. Alle karkasse word deur NARREC aan die Nasionale Museum van Namibië gegee vir die nasionale versameling.

Voëlgetalle kan ook deur tellings gemonitor word. Boere wat aasvoëls of arende wat broei op hulle plase het, of wat 'n voedingsplek ("aasvoëlrestaurant") het, kan grootliks bystand verleen aan bewaringspogings deur die voëls te tel, veranderinge in hulle getalle te monitor en die inligting deur te gee aan die betrokke organisasies.


Begin 'n “aasvoëlrestaurant”

Gebruik die volgende riglyne om 'n voedingsplek of “aasvoëlrestaurant” op u plaas of in u bewaringsgebied te begin.

Gebruik 'n onversteurde gebied op die plaas met 'n aantal groot bome vir voëls om in te rus sowel as 'n oop stuk grond vir maklike opstygting. Ongeveer een hektaar is nodig vir 'n restaurant; die gebied moet omhein word om te verhoed dat soogdier-aasvreters dit betree. Aasvoëls en arende drink en bad dikwels nadat hulle gevreet het, 'n vlak waterpunt kan dus digby vir hulle gebou word.

Bou 'n skerm vir voëlbesigtiging ongeveer 20 meter weg van die voedingsplek. 'n Klein skerm vir fotograawe kan nader aan die voedingsplek opgerig word.

Plaas omtrent een keer per week, vroegoggend, karkasse by die restaurant. Die beste tyd om aasvoëls te voed, is van Mei tot Januarie, gedurende die broeiseisoen wanneer die voëls kuikens en jong voëls voed. Sny die karkas agter die ribbekas oop, op die skouers en op die sye om die aasvoëls te help om die vleis by te kom. Voorsien beenbrokkies vir aasvoëls deur sekere bene met 'n hamer stukkend te kap.



Die Waterbergplaatopark se “aasvoëlrestaurant”

Foto: D. Heinrich

MOENIE KARKASSE UITPLAAS WAT:

- ▲ onder verdowing gevrek het nie
- ▲ deur 'n inspuiting uitgesit is nie
- ▲ onlangs met organofosfaat dipstof behandel is nie.


Verwyder die koeël as die dier geskiet is.

Bespreek die gedagte om 'n “aasvoëlrestaurant” te begin met u bure.

Roofvoëls is blootgestel aan groot risiko's

Alhoewel roofvoëls slegs 9% van alle voëlspesies in suidelike Afrika uitmaak, verteenwoordig hulle 17% van ons eie bedreigde en bewaringsafhanklike spesies. Groot roofvoëls is besonder kwesbaar vir omgewingsveranderinge. Die uitdaging in die eerste plek is om die bedreigde spesies te identifiseer, dan om uit te vind watter faktore die probleem veroorsaak en dan om die oorsake uit te wis.

Alle inheemse, blywende en migrerende roofvoëls in Namibië is deel van ons nasionale erfenis en word deur wette beskerm – help ons om hulle te bewaar vir u kleinkinders se onthalwe.



Sleutelwoorde wat bewaringstatus beskryf

UITGESTERF:

Bevolking wat nie oorleef het nie.

KRITIES BEDREIG:

Uitsterwing tensy die bedreigende oorsake verwyder word.

BEDREIG:

Sal waarskynlik krities bedreig word tensy bedreigende oorsake verwyder word.

KWESBAAR:

Klein bevolkings van minder as 1 000 volwasse individue, of gelokaliseerde bevolkings met 'n strekwydte van minder as 20 000 km², of bevolkings wat bekend is vir krimpende getalle.

Spesies wat in ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE KATEGORIEË val, is afhanklik van BEWARINGSAKSIE om die bevolking te beskerm.

AMPER BEDREIG:

Spesies wat gemonitor moet word weens beperkte terrein, lae of onbekende bevolkingsgetalle, gespesialiseerde vereistes of internasionale verantwoordelikheid.

Sekretarisvoël
AMPER BEDREIG

Sagittarius serpentarius


Gewig 3.5 - 4.3 kg **Hoogte** 120 cm
Vlerkspan 212 cm
Habitat Grasvlaktes, oop boswêreld, berghellings, landbou- en halfwoestyngebiede.

Gedragspatroon Jag te voet, gewoonlik in pare. Sit met sonsondergang en sonsopkoms in die toppe van kleiner bome.

Dieet Insekte (hoofsaaklik springkane), paddas, knaagdiere, voëleiers en sommige slange.

Broeigewoontes Twee eiers word in die vroeë of middelsomer gelê, in 'n stoknes van 100 tot 250 cm in deursnee, gewoonlik in doringbome of bosagtige struik.

Bedreigings Gifstowwe en verlies aan habitat as gevolg van oorbeweidings en bosindringing, asook botsings en elektriese skokke teen kragdrade.



Kransaasvoël
KRITIES BEDREIG

Gyps coprotheres


Gewig 7.3 - 11 kg **Hoogte** 95 cm
Vlerkspan 255 cm
Habitat Oornag en broei in bergagtige gebiede, oorhange of platorande met steil kranse; soek na kos in grasvlaktes of boswêreld.

Gedragspatroon Sweef enkele ure na sonsopkoms vanaf kranse en vlieg oor groot afstande; eet, slaap en broei in groepe.

Dieet Aas, veral die sagte weefsel van karkasse en stukkie been.

Broeigewoontes Slegs een eier word tussen April en Julie op rotslyste gelê. Hierdie aasvoëls broei altyd in groepe.

Bedreigings Nie-teiken slagoffer van gif op karkasse, bosindringing, versuiping in reservoirs, botsings en elektriese skokke teen kragdrade, en versteuring van kranse.



Witruugaasvoël
KWESBAAR

Gyps africanus


Gewig 4.4 - 7.0 kg **Hoogte** 85 cm
Vlerkspan 220 cm
Habitat Grasvlaktes, bosveld en droë bosagtige streke.

Gedragspatroon Begin sweef kort na sonsopkoms en volg ander aasdiere; eet, slaap en broei in groepe saam met ander witruugaasvoëls.

Dieet Aas op groot karkasse.

Broeigewoontes Een eier word tussen April en Julie gelê in 'n stoknes met 'n deursnee van 40 tot 100 cm, gewoonlik op die top van 'n doringboom en dikwels naby ander aasvoëlneste.

Bedreigings Nie-teiken slagoffer van gif op karkasse, bosindringing, versuiping in reservoirs, ontbossing en botsings en elektriese skokke teen kragdrade.



Swartaasvoël
KWESBAAR

Torgos tracheliotus


Gewig 5.5 - 7.9 kg **Hoogte** 100 cm
Vlerkspan 258 - 280 cm
Habitat Grasvlaktes tot woestyn, kom algemeen voor in die Namib-woestyn.

Gedragspatroon Alleen of in pare; word dikwels in klein groepe by karkasse aangetref.

Dieet Aas, veral die taaiere gedeeltes van 'n karkas, soos vel en ligamente, kom dikwels by baie klein karkasse voor, kan klein soogdiere doodmaak.

Broeigewoontes Een eier word gelê vanaf Mei tot September in 'n stoknes van 300 cm omtrek, wat jaar na jaar gebruik word. Daar is dikwels heelparty neste in een gebied.


Bedreigings Nie-teiken slagoffer van gif op karkasse, botsings en elektriese skokke teen kragdrade, versuiping in reservoirs en doelbewuste uitroeiing.



Witkopaasvoël
KWESBAAR

Trigonoceps occipitalis


- Gewig** 3.3 - 5.3 kg **Hoogte** 75 cm
Vlerkspan 230 cm
Habitat Noord van die 29ste breedtegraad in boswêreld en halfwoestyngebiede.
Gedragspatroon Alleen of in pare; kom gewoonlik eerste by karkasse aan.
Dieet Aas, termiete, akkedisse en jagvoëls.
Broeigewoontes Een eier word tussen Mei en Augustus in 'n stoknes van 150 cm-omtrek, bo-op 'n platkroonboom gelê.
Bedreigings Nie-teiken slagoffer van gif op karkasse, verlies aan habitat as gevolg van bosindringing, die uitbreiding van woestyngebiede, botsings en elektriese skokke teen kragrade.



Witkruisarend
AMPER BEDREIG

Aquila verreauxii

- Gewig** 3 - 5.8 kg **Hoogte** 75 cm
Vlerkspan 200 - 230 cm
Habitat Rotsagtige skeure, koppies en berge waar klipdassies voorkom, selfs in droeë gebiede.
Gedragspatroon Gewoonlik in pare wat naby klipprante rondswaef.
Dieet 90% dassies, soms ander soogdiere en reptiele.
Broeigewoontes Slegs een kuiken word tussen Mei en Augustus op 'n groot platform van stokkies op 'n rotslys grootgemaak.
Bedreigings Doelbewuste uitroeiing deur slagysters te stel en te skiet, versuiping in reservoires, botsings en elektriese skokke teen kragrade en versteuring van neste op rotslyste.



Roofarend
KWESBAAR

Aquila rapax

- (Kan met ander bruin arende verwar word, bv. Steppe-arend en Whalbergse-arend; kleure varieer tussen rooierig, geelbruin tot blond.)*
Gewig 1.7 - 3.1 kg **Hoogte** 60 cm
Vlerkspan 182 cm
Habitat Boswêreld en doringboom-grasvlaktes tot halfwoestyn-grasvlaktes met groot bome.
Gedragspatroon 'n Voël wat roof, aas en soms kos van ander voëls steel. Alleen of in pare; sit dikwels bo-op bome of telefoonpale, soms in groepe naby kos.
Dieet Aas, klein soogdiere tot haas-grootte, voëls en termiete.
Broeigewoontes Slegs een kuiken word tussen April en Julie in 'n plat stoknes van 100 cm-omtrek, op 'n boomtop of op 'n kragmas grootgemaak.
Bedreigings Nie-teiken slagoffer van gif op karkasse, versuiping in reservoires en doelbewuste uitroeiing.



Steppe-arend
KWESBAAR

Aquila nipalensis

- (Kan met die Roofarend verwar word, maar is gewoonlik donkerder van kleur en kom in swerms voor.)*
Gewig 2.5 - 3.8 kg **Hoogte** 65 cm
Vlerkspan 174 - 260 cm
Habitat Boswêreld en grasvlaktes tot halfdorre gebiede met enkele bome.
Gedragspatroon Nie-broeiende trekvoël wat reënfronte volg; word gedurende Oktober tot Maart in groot groepe op die grond waargeneem.
Dieet Meestal groot termiete, klein voëls van broeiende swerms (bv. Rooibek- en ander vinke), klein soogdiere en aas.
Broeigewoontes Broei in Europa en Oos-Asië; broei nie in Namibië nie.
Bedreigings Verlies aan habitat, gifstowwe en doelbewuste uitroeiing.



Bruinarend
AMPER BEDREIG

Aquila wahlbergi

(Word meestal met die Dwergarend verwar, is kleiner as die Roofarend en die Steppe-arend.)

Gewig 0.5 - 1.4 kg **Hoogte** 45 cm

Vlerkspan 130 - 141 cm


Habitat Boswêreld en grasvlaktes.

Gedragspatroom 'n Intra-Afrika trekvoël wat in die somer sy opwagting maak om te broei. Die meeste trek na sentraal tropiese Afrika in ons winter.

Dieet Jagvoëls tot die grootte van 'n tarentaal, soogdiere tot die grootte van 'n haas, voëls en insekte.

Broeigewoontes Een eier word gelê tussen September en Oktober in 'n stoknes van 60 cm-omtrek, onder die blaredak van bome.

Bedreigings Gifstowwe, doelbewuste uitroeiing, verlies aan habitat en gevolglike voedselbronne, ontbossing en die uitbreiding van woestynggebiede.



Dwergarend
KWESBAAR

Hieraaetus pennatus minisculus

(Die Dwergarend in Namibië het onlangs sub-spesiestatus verwerf. Dit is nou inheems en staan bekend as die Suidelike Dwergarend.)

Gewig 0.55 - 1.25 kg **Hoogte** 40 cm

Vlerkspan 110 - 132 cm


Habitat Vanaf boswêreld tot half-woestyn, maar broeiende voëls kom slegs in heuwelagtige, halfdorre gebiede voor.

Gedragspatroom Alleen of in pare. Daar is een plaaslike broeigroep en een groep wat trek, meer voëls word dus tussen Maart en Augustus in Namibië gesien.

Dieet Meestal voëls tot die grootte van klein jagvoëls; akkedisse, knaagdiere en insekte.

Broeigewoontes Twee eiers word tussen Mei en Julie in 'n stoknes van 50 cm-omtrek gelê, gewoonlik op die kruin van 'n krans of naby 'n boom by 'n krans.

Bedreigings Gifstowwe wat gemik is op insekte en saadetende voëls, verlies aan habitat.



Grootjagarend
AMPER BEDREIG

Hieraaetus spilogaster

(Kan met ander swart en wit arendspesies verwar word.)

Gewig 1.2 - 1.7 kg **Hoogte** 55 cm

Vlerkspan 142 - 160 cm

Habitat Heuwelagtige of bergagtige boswêreld en grasvlaktes.

Gedragspatroom Alleen of in pare; sweef dikwels baie hoog en jag vanuit 'n rusplek of duik uit die lug uit.

Dieet 75% jagvoëls, fisante en tarentale, ook klein soogdiere tot die grootte van 'n haas, en reptiele.

Broeigewoontes Slegs een kuiken word tussen Mei en Julie grootgemaak in 'n stoknes van 100 cm-omtrek, gewoonlik in die mik van 'n rivierboom.

Bedreigings Doelbewuste uitroeiing, vergiftiging van jong voëls by karkasse en verlies aan habitat as gevolg van ontbossing.



Jong voël

Breëkoparend
KWESBAAR

Polemaetus bellicosus

(Kan met die heelwat kleiner Swartborsslangarend verwar word.)

Gewig 3 - 6.2 kg **Hoogte** 70 cm

Vlerkspan 213 cm


Habitat Boswêreld, grasvlaktes met groot bome vir neste, ook halfdorre gebiede met groot bome.

Gedragspatroom Jag deur baie hoog te sweef en die grond in vlug te bespied.

Dieet Voëls, soogdiere (veral muishonde) en reptiele.

Broeigewoontes Een eier word gelê tussen Mei en Julie in 'n stoknes van 200 cm-omtrek, in die mik van 'n hoë boom of op 'n kragmas.

Bedreigings Doelbewuste uitroeiing, verlies aan habitat, vergiftiging van jong voëls by karkasse, versuiping in reservoirs, botsings en elektriese skokke teen kragdrade en versteuring van neste.



Jong voël

Bruinslangarend
AMPER BEDREIG

Circaetus cinereus

(Kan met 'n jong Swartborsslangarend of 'n jong Berghaan verwar word.)

Gewig 1.5 - 2.5 kg **Hoogte** 64 cm

Vlerkspan 164 - 200 cm


Habitat Boswêreld-grasvlaktes en granietskoppies.

Gedragspatroon Gewoonlik alleen; jag vanuit 'n boom, paal of kruin van 'n koppie.

Dieet Slange tot 3 meter lank, ander reptiele en 'n paar klein soogdiere.

Broeigewoontes Een eier word gelê tussen Desember en Maart in 'n nes van 70 cm-omtrek wat van baie dun stokkies gemaak, gewoonlik in 'n dig beblaarde platkroonboom.

Bedreigings Doelbewuste uitroeiing en verlies aan habitat.



Swartborsslangarend
AMPER BEDREIG

Circaetus pectoralis

(Kan met die heelwat groter Breëkoparend verwar word.)

Gewig 1.2 - 2.3 kg **Hoogte** 55 cm

Vlerkspan 178 - 190 cm


Habitat Vanaf bebosde grasvlaktes tot dwergboswêreld en halfwoestyn.

Gedragspatroon Gewoonlik alleen; jag vanuit 'n swewende posisie of rusplek.

Dieet Meestal slange tot 2 meter lank; ander reptiele, paddas, voëls en insekte.

Broeigewoontes Een eier word gelê tussen April en Oktober in 'n nes van dun stokkies van 70 tot 100 cm-omtrek, gewoonlik in die top van 'n lae boom.

Bedreigings Doelbewuste uitroeiing deur skiet en gifstowwe.



Jong voël

Visarend
AMPER BEDREIG

Haliaeetus vocifer

Gewig 3.1 - 3.6 kg **Hoogte** 60 cm

Vlerkspan 190 - 237 cm


Habitat Naby groot riviere, damme of mere met groot bome; ook strandmere en riviermonde.

Gedragspatroon Gewoonlik in pare wat in bome sit en die water bespied of sweef; het 'n harde kenmerkende roep.

Dieet Meestal vis; ook watervoëls, klein soogdiere en aas.

Broeigewoontes Twee eiers word tussen April en Julie gelê in 'n stoknes van 120 tot 180 cm-omtrek, in die mik van 'n groot rivierboom.

Bedreigings Afvloei van gifstowwe en giftige chemikalieë (bv. kunsmis) in water; ook ontbossing langs die waterweë.



Jong voël

Berghaan
BEDREIG

Terathopius ecaudatus

Gewig 1.8 - 3 kg **Hoogte** 50 cm

Vlerkspan 180 cm


Habitat Boswêreld en grasvlaktes.

Gedragspatroon Gewoonlik in pare wat die grootste gedeelte van die dag hoog sweef op soek na kos. Hulle roof, aas en steel ook voedsel van ander arende.

Dieet Aas van klein en groot karkasse, klein soogdiere, voëls, reptiele, vis en insekte.

Broeigewoontes Een eier word gelê tussen Januarie en Junie in 'n stoknes van 60 cm-omtrek, in 'n oop mik van 'n groot boom, dikwels naby water.

Bedreigings Nie-teiken slagoffer van gif op karkasse, gifstowwe, verlies aan habitat, doelbewuste uitroeiing en versteuring van neste.



Jong voël

Kontakte

Kontak die onderstaande persone en organisasies vir bystand, inligting en verslae in verband met Namibië se roofvoëls.

NARREC (Namibia Animal Rehabilitation Research and Education Centre)

Vir: enige siek, beseerde, weesgelaate of dooie voëls

Liz Komen

Tel: (061) 264409 or (061) 264256

Sel: (081) 129 0565

E-pos: liz@narrec.schoolnet.na

MET (Ministry of Environment and Tourism)

Vir: enige inligting oor voëls, omgewingsbeleide en permitvereistes

Holger Kolberg

Tel: (061) 263131

E-pos: metreper@iafrica.com.na

Rob Simmons

Tel: (061) 272766

E-pos: harrier@iafrica.com.na

PWG (Poison Working Group) - **PWG Namibië** (sien **NARREC**)

Vir: enige inligting oor die gebruik van gif of plaagdoders en roofdiere-lewendehawekonflik

Gerhard Verdoorn

Tel: (002711) 486 1157

Sel: (002782) 446 8946

E-pos: pwg@ewt.org.za

VSG (Vulture Study Group)

Vir: enige inligting omtrent aasvoëls en aasvoëlrestourante

Peter Bridgeford

Tel: (06638) exchange 5203

Sel: (081) 260 7375

REST (Rare and Endangered Species Trust)

Vir: inligting omtrent aasvoëls en die gifstofgebruike

Maria Diekmann

Tel: (067) 306226

E-pos: awt@iafrica.com.na

AVPAN (Agricultural and Veterinary Products Association of Namibia)

Vir: enige inligting oor ongewensdse of uitgediende chemikalieë en plaagdodervoorrade

Herman Louw

Tel: (061) 290 9111

Sel: (081) 129 5386

SAFRING (Southern African Association for Bird Ringing)

Vir: enige inligting omtrent beringing van voëls en verslae oor opgespoorde voëlringe

Dieter Oschadleus

Tel: (002721) 650 2421

Fax: (002721) 650 3434

E-pos: dieter@adu.uct.ac.za

VOËL BERINGING

Vir: inligting omtrent beringing van voëls in Namibië en verslae oor opgespoorde voëlringe

Rob Simmons of Holger Kolberg (sien MET)

Dirk Heinrich

Tel: (061) 232300

Sel: (081) 127 0254

E-pos: photographer@mweb.com.na

Die inhoud van hierdie boekie is deur NARREC © opgestel.
Illustrasies deur Graeme Arnott, van "Birds of Prey of Southern Africa", Peter Steyn, 1982.
Enige oedeelte van hierdie boekie mag vir opvoedkundige doeleindes herproduseer word.